GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D2 & D5

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 3**
**GRAAD 11**
**MEI 2017**

**PUNTE: 100** **TYD: 3 UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

- Skryf 'n opstel van 200-250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 "Staan stil, of ek skiet!" [50]

1.2 Ek kan nie klaarkom sonder my...... [50]

1.3 Rook en drink is nie die antwoord nie. [50]

1.4 My vakkeuse gaan my eendag in staat stel om.... [50]

1.5 'Smartboard' vs. swartbord. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[@can Stock Photo Clip art]

[50]

1.6.2



[@can Stock Photo Clip art]

[50]

1.6.3



[@can Stock Photo Clip art]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE / INFORMELE BRIEF**

Vanag is die eerste dag van die res van jou lewe!!!

Skryf ’n INFORMELE BRIEF aan jouself waarin jy die planne vir jou toekoms uiteensit. [30]

2.2 **HULDEBLYK**

Jou skooltas is gedaan en jy moet hom weggooi.

Skryf ‘n **HULDEBLYK** waarin jy beskryf wat jou tas vir jou beteken het.

[30]

2.3 **ARTIKEL**

Julle skool het ‘n liefdadigheidsweek gehou.

Skryf ’n ARTIKEL vir die skoolkoerant oor die sukses wat gedurende hierdie week behaal is. [30]

2.4 **DIALOOG**

Jy het jou ma se slimfoon geleen en nou is hy weg!

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ma neer. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou sportklub moet van ’n klomp toerusting ontslae raak.

Ontwerp ’n ADVERTENSIE waarin jy die toerusting wat julle wil verkoop adverteer.
Onthou om jule kontakbesonderhede op die plakkaat aan te dui. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het per ongeluk ’n lekker skinderstorie gehoor!

Skryf EEN DAGBOEKINSKRYWING waarin jy vertel wat jy gehoor het. [20]

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/in gaan saam met jou met vakansie. Dit sal die eerste keer wees dat hy/sy saam met julle gaan. Verduidelik aan hom/haar wat jou ouers se reëls vir die vakansie is.

Skryf tien instruksies vir jou vriend/in neer oor hoe hy/sy hom/haar tydens die vakansie moet gedra of nie gedra nie. [20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL : 100**